Kortkuns

Samas vir Phiri en Mahlasela

Wanneer die Suid-Afrikaanse musiekpryse (Samas) aan die einde van die maand by Sun City in Noordwes uitgedeel word, word die plaaslike veterane Ray Phiri en Vusi Mahlasela vereer met pryse vir hul lewensbydrae.

Die uitvoerende hoof van die Samas, Randall Abrahams, het in 'n mediaverklaring gesê dié twee het 'n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuur gelewer en dié kultuur ook wêreldwyd uitgevoer.

Phiri het 'n deurslaggewende rol gespeel in die vervaardiging van Paul Simon se Grammy-bekroonde *Graceland*-album.

Pres. Jacob Zuma het ook pas die Orde van Ikhamanga (silwer) aan hom oorhandig vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musiekbedryf.

Mahlasela, wat ook bekend is as The Voice, vier vanjaar 20 jaar in die musiekbedryf nadat hy in 1992 die eerste keer die aandag getrek het met sy debuut, *When You Come Back*. Hy het met sy Afrika-folk en -bluesklank al die verhoog gedeel met kunstenaars soos Josh Groban, Angelique Kidjo, Paul Simon, Sting en sy vriend Dave Matthews.

Mahlasela en Phiri sal hul Samas by die gala-aand op 30 April ontvang. Kry kaartjies by Computicket.

Die gala-aand word om 20:30 op SABC1 uitgesaai.

Parlotones na VSA, Europa

Die Suid-Afrikaanse rockgroep The Parlotones vertrek in Mei op 'n wêreldtoer.

Die toer begin in die VSA met optredes in 27 stede en daarna gaan hulle na Brittanje en Europa.

Die groep se vierde ateljee-album, *Journey Through the Shadows*, word volgende maand uitgereik. Dit is in Johannesburg en Kaapstad opgeneem en bevat 12 splinternuwe snitte.

The Parlotones bestaan uit Kahn Morbee (stem en kitaar), Neil Pauw (tromme), Paul Hodgson (kitaar) en Glen Hodgson (baskitaar, klavier en agtergrondsang).

Net voor hul oorsese toer lewer hulle twee vertonings by Carnival City in Brakpan.

Hulle is op Saterdag 21 en Sondag 22 April om 20:00 in die Big Top-arena.

Kaartjies kos R161 en R212 stuk en is by Computicket beskikbaar.

DJ-duo teken groot kontrak

Die Suid-Afrikaanse DJ's Dave Pearce en Pascal Ellinas, oftewel Pascal & Pearce, het 'n internasionale kontrak met Spinnin Records, een van die wêreld se grootste etikette in elektroniese dansmusiek, onderteken.

Hulle het mekaar in 2007 ontmoet en sedertdien een van die land se bekendste DJ-tweemanskappe en produksiespanne geword.

Soet tema inspirasie vir Oppikoppi-plakkaat

Opwindende uitdaging vir kunstenaar Gavin Rain

Anna-Retha Bouwer

Die Kaapse kunstenaar Gavin Rain is gevra om die plakkaat vir vanjaar se Oppikoppi-fees te ontwerp.

Dit is die 18de jaar dat dié musiekfees by Northam aangebied word, en dit vind van 9 tot 11 Augustus plaas.

Vanjaar is die tema van die fees Sweet Thing ... Hey, it's me, I am dynamite... and I don't know why. Dit is ontleen aan die liedjie *Sweet Thing* deur Van Morrison.

Rain se Aung San Suu Kyi-projek was verlede jaar op die Venesiese Biënnale te sien – iets wat hy as die grootste eer vir enige kunstenaar beskryf.

Sy tegniek word as Neo-pointillisme of Pixelisme beskryf, wat daarop neerkom dat 'n groter beeld uit kolletjies geskep word. Dit werk dus op dieselfde beginsel as digitale drukwerk.

"Die boodskap van die werk is voor die hand liggend: Staan terug en kyk na die groter prentjie.

Gavin Rain by die kunswerk wat hy as agtergrond vir vanjaar se Oppikoppi-plakkaat ontwerp het.

"Kyk na wat reg onder jou oë was," sê hy op die webwerf www.worldart.co.za.

Daar is ook 'n meer subtiele boodskap, sê Rain. Volgens hom is digitaal wel koel, maar bevat nie al die inligting soos die ouer analoog-model nie.

"Mense wat omgee oor musiek, gaan terug na viniel. Dit is nie net oor nostalgie nie, maar oor die gehalte van die klank. Ons hou aan om gehalte vir gerief op te offer – hoe vervelig raak ons nie!"

Rain het aan *Beeld* vertel die geleentheid om vir Oppikoppi 'n plakkaat te ontwerp het hom ietwat uit sy gemaksone geneem. "Dit was opwindend, want dis immers waaroor kuns gaan: om iets nuuts te probeer."

Rain sê hy het nagedink oor die Sweet Thing-konsep en êrens raakgelees dat die woord "tert" lank gelede gebruik is om 'n aantreklike man te beskryf. Deesdae is dié woord dikwels praattaal vir 'n vrou met losse sedes.

Dié semantiese verwarring het hom gelei na 'n beeld van wat met eerste oogopslag 'n man blyk te wees, maar wat by nadere ondersoek ook 'n vrou of selfs 'n transvestiet kan wees, verduidelik hy.

Dié werk vorm die agtergrond vir die Oppikoppi-plakkate, wat binnekort gebruik gaan word om dié musiekfees te bemark.

■ Kaartjies vir Oppikoppi word in sessies verkoop. Die eerste stel kaartjies wat oor Kersfees beskikbaar gestel is, het uitverkoop. Vir meer inligting oor wanneer die volgende kaartjies te koop sal wees, hou Oppikoppi se profiel op Facebook dop.

Die name van die kunstenaars wat vanjaar optree, sal ook hier bekend gemaak word.

■ Rain het beeldende kuns aan die Universiteit van Kaapstad se Michaelis-kunsskool gestudeer onder die kunstenaar Jane Alexander en die Suid-Afrikaanse kunshistorikus dr. Jacqueline Nolte. Sy hoofvak was egter neuropsigologie. In 2004 het hy met Neo-pointillisme begin.

Fifa het hom ook in 2010 gekies om werke vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi te skep.

Talle van SA benoem vir Afrika-'Oscars'

Laetitia Pople

Talle Suid-Afrikaanse rolprente is benoem vir die Afrika-rolprentakademie se pryse, wat in die volksmond as Afrika se Oscars bekend staan.

Die wenners word op 22 April by 'n glansgeleentheid in Lagos, Nigerië, bekend gemaak.

Die Johannesburgse regisseur Sara Blecher blink uit met 13 benoemings vir haar debuutrolprent *Otelo Burning*, wat sy oor sewe jaar ontwikkel het.

Charlie Vundla het tien benoemings, ook vir 'n debuut: die besonderse hardekoejawelmisdaaddrama *How to Steal 2 Million*. Akin Omotoso se *Man on Ground*, wat handel oor xenofobiese aanvalle, het sewe benoemings gekry, en Khalo Matabane se filosofiese besinning oor geweld in Suid-Afrika, *State of Violence*, het vier benoemings ontvang.

Suid-Afrika staan veral sterk in die topkategorieë: dié vir beste rolprent en vir beste regisseur. Vier van die sewe benoemde rolprente vir beste prent is van Suid-Afrika, asook vier van die benoemde sewe regisseurs. In die kategorie vir prestasie in klankversorging is net Suid-Afrikaanse rolprente benoem.

Blecher se *Otelo Burning* handel oor twee vriende wat in die onstuimige 1980's in Lamontville, 'n township buite Durban, grootword. Die twee kies 'n lewe van kampioenbranderplankryers bo dié van politieke aktiviste. Hoewel hulle vryheid op die branders kon smaak, was die strande vir hulle verbode. Dit is benoem vir beste rolprent, regisseur, produksie-ontwerp, klankbaan, visuele effekte, klank, kinematografie, redigering, draaiboek en as beste prent in 'n Afrika-taal. Die akteurs daarin is ook uitgesonder vir hul spel: Tshepang Mohlomi as beste kinder-akteur, Thomas Gumede en Sihle Xaba as belowende akteurs en Jafta Mamabolo as beste akteur. Vundla se *How to Steal 2 Million* blink uit in produksie-ontwerp, klankbaan, klank, kinematografie (Nicolaas Hofmeyr), redigering en klankbaan, asook as beste rolprent in 'n Afrika-taal. Die akteurs Rapulana Seiphemo, Terry Pheto en Menzi Ngubane is vir hul vertolkings benoem. Dit is ook vir beste regisseur en rolprent uitgesonder.

Omotoso se koproduksie met Nigerië, *Man on Ground*, is as beste rolprent benoem, asook vir regisseur, beste akteur (Hakeem Kae-Kazim), beste ondersteunende akteur (Fana Mokoena), redigering en klank. Dit handel oor Ade, 'n Nigeriese sakeman, wat na sy vermiste broer in die Oos-Kaap kom soek

Die dokkie *Dear Mandela* is saam met dokumentêre rolprente van Algerië, Kenia en Rwanda as beste dokumentêr benoem.

Die prent volg die lewe van drie jong vriende wat die regering teëgaan wanneer hulle 'n uitsettingsbevel ontvang om hul krothuis in 'n township buite Durban te verlaat.

Die kortprent *Hidden Life* en die animasieprent *Egu* se benoemings in die kategorie beste kort- en animasieprent voltooi Suid-Afrika se sterk prestasie onder die benoemings.



Splashy Fen lok weer duisende

Die 23ste Splashy Fen-musiekfees, wat oor die Paasnaweek by Underberg in KwaZulu-Natal gehou is, het vanjaar 'n gehoor van meer as 8 000 mense gelok. Volgens die organiseerders was die fees vanjaar 'n groot sukses. Selfs die weer het saamgespeel terwyl die gehoor vir vier dae in tente gekampeer het. Die datums vir volgende jaar se Splashy Fen is reeds vasgestel: 28 Maart tot 1 April. Die Durbanse sanger en liedjieskrywer John Ellis, voorheen van die groep Tree63, wys hier sy slag. Vir nog foto's van Splashy Fen, besoek www.facebook.com/BeeldKuns. Foto: LUCKY MAIBI

Uys geniaal en dalk profeties, al verveel sy NP-ministers

Paul Boekkool

Adapt or Fly
Fringe, Joburg-teater

Hennie Aucamp het op 'n keer geskryf: "Die satirikus se groot vrees is dat hy dalk iewers langs die pad toegegee het aan ouwêreldse menslikheid."

Wanneer Pieter-Dirk Uys vanuit die donker agter-verhoog met uitgestrekte hande en agter 'n koerant verskuil met afgemete treë na vore stap, laat sak hy hulle uiters stadig terwyl die gehoor die gedrukte hoofopskrifte spoedlees. Terwyl die koerant ondertoe beweeg, verskyn (steeds geleidelik) 'n kop bo die mashoof met platgekamde gitswart hare, priemende oë en, uiteindelik, 'n uiters herkenbare snorretjie: Adolf Hitler open Uys se slagveld van politieke satire as 'n fascistiese *has-been*.

Uit wat sy Hitler te sê het, besef jy onmiddellik: Te veel van sy ideologieë bly voortleef in ander verkose of self-aangestelde beersers, plaaslik en wêreldwyd. Hier's niks wat ouwêrelds is nie en menslikheid is selfs nog minder te bespeur. 'n Gees van politieke oppergesag en magsafdwingbaarheid het in talle lande skaars verslap.

Adapt or Fly besit gelukkig menslikheid, maar wél een met 'n rapier se lem. Dit is ook 'n outobiografiese terugskouing na dit wat in Uys se eie lewe in Suid-Afrika gebeur het. Deur dié proses hier taamlik konsekwent deur te voer, neem hy jonger gehore aan die hand en laat hulle deur sy oë aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis beter ken.

Andersyds kan sy ou volgelinge voel hulle "was daar, hét dit reeds gedoen". Sy opeenvolgende voorstellings van NP-eerste ministers van 1948 tot by die presidentskap van FW de Klerk besit min nuansewisseling, benewens uiterlike karaktertrekke. Tog is dié voorstellings wesenlik eg, al mag dit teen hierdie tyd verveel.

Maar soos Uys vir Pik Botha en Piet Koornhof herskep, is "geniaal" 'n korrekte beskrywing. Soos hy 'n rymgedig aanmekaarstrengel om die era van Thabo Mbeki tot by Jacob Zuma op te stuur, wil ook gedoen wees. Ironie bly sy sterkste wapen. In die lig van die onlangse debakel rondom die Dalai Lama is dit dalk nie slegs bloot eerlik dat Uys sal beweer dat aan Jesus by sy wederkoms ook nie 'n visum beskikbaar gestel sal word nie?

Uys glo self sy voorsate is nie suiwer Aries nie, want 'n paar eeue gelede het ene Wilhelmina Opklim dit iewers tussen Kaapstad en die Paarl besoedel. Sy herinneringe en sketse rondom vroue soos Helen Suzman, Mrs. Petersen en Nowell Fine (laasgenoemde stokoud) wikkel vergete emosies los.

Dié uitgebreide voorstelling eindig met 'n beskouing oor hoe die 2014-verkiesing kan verloop. Ons moet maar bid dat Uys hier die kat aan die stert beet het, maar dis ewe moontlik dat hy profeties is.

Tot 29 April

SCHUMANN & BRAHMS: Kunsliedere. Simon Keenlyside (bariton) & Malcolm Martineau (klavier). Sony Music 88697566892.

Kuns van die veelsydige Keenlyside

Thys Odendaal
Klankkuns

Die Britse bariton Simon Keenlyside is 'n besonder veelsydige verhoogkunstenaar. Wêreldwyd is hy bekend vir talle rolle in bekende en nuwe operas. Hy is tuis met koor- en orkeswerke en is ook een van die voorste eksponente van die kunslied, met klavier of orkes.

Hy is 'n uitstekende akteur, en fisiek is hy in staat om veel meer op die verhoog te vermag as sy bariton-eweknieë. Só het hy al saam met Britse en Amerikaanse ballet- en eietydse dansgeselskappe opgetree in gechoreografeerde kunsliedsiklusse.

Keenlyside is 'n aantreklike man en word beskryf deur die leefstyl-korps as 'n "bari-hunk"!

Dié diereliefhebber, wat 'n soölogie-graad van Cambridge het, is bekend om sy rol as die voëlvanger Papageno in Mozart se *Die Zauberflöte*. Dit is juis sy spel en fisieke teenwoordigheid in dié rol wat dit enigmaties maak.

Dit geld talle ander rolle, soos Britten se Billy in *Billy Budd* en Tarquinius in *The Rape of Lucretia*, en Prospero in Ades se 2004-opera *The Tempest*.

Keenlyside het as jong man twee internasionale kunsliedkompetisies gewen. Hy is 'n topeksponent van dié genre. Luister gerus na sy jongste CD – liedere van Brahms en Schumann se prag-siklus *Dichterliebe*.

■ Operaliefhebbers het in November 2009 die kans hier gekry om na die Metropolitan Opera se jongste voorstelling van Puccini se *Tosca* in Ster-Kinekor se Cinema Nouveau-teaters te gaan kyk.

Die nogal brutale produksie van die omstrede regisseur Luc Bondy spog met 'n indrukwekkende rolbesetting – die Finse sopraan Karita Mattila in die naamrol, Marcelo Alvarez as Cavaradossi en die Georgiaanse bariton George Gagnidze as die Scarpia, hoof van die Roomse polisie, 'n vreesaanjaende seksmaniak.

Dié *Tosca* is nou beskikbaar op DVD en by verdere aanskoue is daar veel ten gunste van Bondy se ongenaakbare benadering, wat die romantiese tonele tussen Tosca en haar skilder-minnaar Cavaradossi sterk ets teen die ongenaakbare opstelling van die korrupte gereg in dié spanningsvolle sage in die Italiaanse geskiedenis.

Daar is ook sporadies ongemaklike tonele, soos met die tweede bedryf waarin Scarpia se opset in die Farnese-paleis nie juis as polisiekwartiere aandoen nie, maar eerder 'n bordeel met gepaardgaande verhoogaksie.

Mattila vestig 'n geloofwaardige Tosca, Alvarez is dramaties en tegelyk verruklik liries in sy twee groot arias en Gagnidze se Scarpia is sielsiek-wellustig.

Joseph Colaneri dirigeer die Met-orkes en -koor, met James Levine wat weens swak gesondheid moes kanselleer. (EMI Virgin Classics 64197395)